

Geskiedenis van Richmond

Richmond is 'n klein dorp in die suidooste van die Noord-Kaap, Suid-Afrika en is langs die N1 nasionale pad geleë.

Name	Status	Population census 2001-10-09	Population census 2011-10-09
Richmond NC (- Sabelo)	Urban Area	4,316	5,122

Die dorpie het op 11 Oktober 1843 as 'n NG Kerk gemeente ontstaan. Die plaas Driefontein is later gekoop en in woonerwe onderverdeel. Die eerste paar erwe is op 19 April 1845 verkoop. Die dorp is vernoem na die graaf van Richmond, vader van lady Sarah Maitland, vrou van sir Peregrine Maitland, wat die goewerneur van die Kaapkolonie was op daardie tydstip. Die dorp is twee keer deur die Boere aangeval tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Die distrik is 7 500 km² groot. Richmond is bekend om sy merinoboerdery en perdetelery. Richmond beskik oor een van slegs twee perdemuseums in die wêreld. Die drie fonteine waarvan die oorspronklike plaas sy naam gekry het, borrel nog steeds rustig. Die water beland in die Wilgersloot, 'n sytak van die Ongersrivier.

Uit die Dagboek van Generaal Wynand Malan

Ter agtergrond

Tydens die parlement se sitting in 1900 was 'n indemniteitsakte aangeneem. Hierdie wet het die Goewerneur en alle amptenare wat belas was met die administrasie van krygswet gevrywaar teen vervolging. Dit sou net dade dek wat val tussen 11 Oktober 1899 en 12 Oktober 1900. Dieselfde wet het ook 'n spesiale hof in die lewe geroep om die rebelle te verhoor.

Twee maande later het die Tweede Inval in die Kaap Kolonie begin. Die uitbreiding van die krygswet was onvermydelik en op 20 Desember is die volgende distrikte geproklameer: Britstown, Victoria-Wes, Richmond, Hanover, Murraysburg, Steynsburg, Cradock, Tarka, Molteno, Beaufort-Wes en Carnarvon. Op 17 Januarie 1901 was krygswet op die hele Kaapland van toepassing.

Op die plaas Betjieskraal het Malan en 'n leërmag van 20 vir Kolonel Schobell en sy troepe wat ongeveer 'n duisend manskappe was wat hul agtervolg het. Voor het twee bruin mans geloop wat as wegwysers gedien het. Die vyand was 'n ernstige knou toegedien en Malan se span het geen verliese gely nie maar Luitenant Cloete se been was afgeskiet en hy moes op die plaas van Koos Venter agtergelaat word. Na hierdie skermutseling het Malan en sy troepe nie weer las gehad voor hul Richmond aangeval het nie. Scobell het Malan later verwytdat dat hy hom "soos 'n slang in die gras voorgelê het. "Jy kan maar kom ou maat, in die gras of nie; maar sorg net dat dit man teen man is en nie 'n duisend teen twintig nie" het Malan geantwoord.

Die Aanval op Richmond

Na die geniepsige botsing met kol. Scobell by Betjieskraal kon ons 'n paar dae ongehinderd asem skeep. Heeltemal uitgerus steek ons die Middelburg-Cradock spoorlyn oor in die rigting van Richmond. Op hierdie skof kom ons komdt. Smith met sy kommando van ongeveer 150 manskappe teê. Komdt. Smith en ek besluit toe om 'n gesametlike aanval op Richmond te doen en die dorp in te neem. Ons kon ons planne ongehinderd in die haak bring. Hoofsaaklik omdat kol. Scobell se mag nog nie behoorlik herstel het van die knou wat ons hulle toegedien het nie.

Met ons aankoms te Richmond is dadelik aanstalties gemaak om die aanval te begin. Rondom, sowel as in die dorp was daar sterk klipforte wat goed beset was. Een gebrek van die forte was egter dat hul skietgate veels te hoog was, met die gevolg dat die burgers gebukkend onder die skietgate kon inhardloop, en die soldate was te dom om dit te verhoed. Ons het ooreengekom dat die aanval gelyktydig vanuit twee verskillende rigtings sou plaasvind. Komdt. Smith moes sorg vir die verowering van die forte aan die westelike ingang van die dorp, terwyl ek met die forte aan die noordelike sektor sou klaarspeel.

Lank voor dagbreek het Smith en ek ons laer verlaat, en kort voor sonop het die aanval op die forte begin. Ons taktiek was as volg: onderwyl party burgers aanhoudend op die skietgate skiet en dit vir die verdedigers onmoontlik maak om voor die gate te verskyn, storm die ander burgers onder die gate in, wat, soos ek reeds gesê het, te hoog gesit het om op 'n kort afstand doeltreffend te wees. By die forte aangekom, is die burgers wat ingestorm het heeltemal veilig. Daarop word die vyand beveel om onverwyld oor te gee as hy nie met dinamiet flenters geskiet wil word nie. Ons het wel geen dinamiet besit nie, maar dit het die Engelse nie geweet nie, en die verdedigers van een fort na die ander het hulle ewe gedweë oorgegee. Komdt. Smith moes van waar ons hom verlaat het slegs 'n kort afstand aflê na die forte wat hy moes inneem, terwyl ons 'n groot draai moes ry om by ons forte te kom.

In die skemerdonker slaag Smith daarin om sy forte te verras, en die Kakies gee dadelik oor. Sonder ons medewete trek komdt. Smith nou deur die dorp in die rigting van die forte wat ek moes verower. Ons gewaar onraad in die rante. Dis seker Engelse, dink ons, en steek al wat voorkom onder die lood. Toe skreeu Smith se kêrels en die geskiet word oombliklik gestaak, maar ongelukkig nie voordat komdt. Smith deur 'n klipsplinter in die gesig en aan die arm gewond is nie.

Intussen het ons ook ons sektor se forte begin aanval, met die reeds vermelde gevolg. Ondanks die swak verdediging deur die Kakies het ons tog gesneuweldes in die verowerde forte aangetref - blykbaar soldate wat voor die skietgate verskyn en kopskote gekry het. In my sektor was een groot en besonder sterk fort geleë - Vlagkop fort het hulle hom genoem. Om verskeie redes het ek dit te gevaarlik geag om hierdie fort te laat bestorm. Hy was byvoorbeeld 'n bietjie laer geleë, en soos ons die rantjie sou moes afstorm, sou die Engelse vanuit die vesting lelik kon opdons. Hy moes dus wag totdat dit donker word, dan sou ons met hom afreken.

Omdat hierdie fort en die baie dorpsforte in die omgewing daarlangs beheers het, kon ons nie waag om die dorp van waar ons nou geveg het, te bestorm nie. Daarom is 'n afdeling burgers aangesê om terug te gaan en die dorp vanuit die westekant met 'n sloot langs in te trek. Hierdie sloot het dwarsdeur die dorp gegaan en het nie ver van die hoofweg - waarlangs verskeie forte was - geloop nie.

Die burgers kon dus aanvanklik in die sloot en later agter die huise skuil onderwyl hulle die forte in die dorp aanval. Ongeveer die helfte van ons gesamentlike kommando het hierdie aanval uitgevoer. Komdt. Smith en ek het met die res van ons burgers op die rant agtergebly om die krygsgevangenes op te pas en te verhoed dat hulle die forte opnuut gaan beset.

In die dorp het die burgers gou klaargespeel met die forte, hoewel ek moet erken dat hulle 'n taktoek gevolg het wat nie juis manlik genoem kan word nie. Hulle het naamlik na die inneming van die eerste fort die Kakies aangesê om vooruit te stap na die volgende fort en sodoende een fort na die ander sonder slag of stoot ingeneem. Hierdie strydmethode was die vyand se verdiende loon, want hy het nie geaarsel om selfs vrouens en kinders as dekking te gebruik nie, en ek moet beken dat ek die burgers nie eens berispe het nie!

Uiteindelik het nog net die Vlagkop-fort en die tronk, wat aansienlik versterk was, oorgebly. Albei kon egter nie sonder die gevaar van aansienlike verliese oordag aangeval word nie. Piet van der Merwe en sy burgers, blykbaar aangevuur deur hul segetog teen die reeks forte in die dorp, besluit egter om sonder versuim ook hierdie laaste twee vestings van die vyand aan te durf.

Omstreeks hierdie tyd kom 'n burger te voet uit die dorp en sê dat veldk. van der Merwe 'n voorraad ammunisie laat vra. Die versoek het my 'n bietjie vreemd voorgekom, maar ek laat nietemin 'n duisend patrone in 'n sak gooi, laai dit voor op my perd en vertrek dadelik. Daar is nog nie kans om met 'n omweg te ry nie, en ondanks die nabyheid van die Vlagkop-fort ry ek sommer reguit na die sloot onder 'n geweldige geweervuur vanuit die gemelde fort. Die rede waarom ek so haastig was om van der Merwe te bereik, was dat ek gevrees het dat hy sommer helder oordag 'n aanval op die Vlagkop-fort en die tronk sou waag, en dis moes teen alle koste verhinder word. Toe ek op die toneel verskyn, was hulle reeds besig om die tronk te beskiet. Hennie van Rensburg, later kommandant en tans senator, is juis op hierdie oomblik gewond. Hy het agter 'n boom gestaan toe 'n koeël hom tref - langs die neus in en by die linkeroor uit, maar ondanks hierdie ernstige wond het hy op kommando gebly en later gesond geword. Dit is nogal eienaardig dat een van komdt. Smith se burgers, Piet van der Merwe, ook 'n neuswond opgedoen het. Die koeël is op die punt van sy neus in en eweneens by die linkeroor uit. Ook hy het volkome herstel.

Tydens ons aanval op Richmond het ons al die gebuite vuurwapens vernietig. By my aankoms is die stryd gestaak en eers in die aand hervat. Onderwyl ons sit en wag dat dit donker word, ontvang ons 'n berig dat 'n sterk afdeling Engelse die dorp nader. Dit was ernstige nuus, en daar dit nie die moeite werd was om terwille van twee forte in Richmond vasgekeer te word nie, beveel ek die burgers om dadelik terug te trek. Wat 'n teleurstelling was dit toe ons die volgende môre ontdek dat ons verniet so haastig padgegee het. Daar was wel 'n Engelse mag in aantog, maar hy was nog myle ver van Richmond af, sodat ons in staat sou gewees het om sonder

enige gevaar die Vlagkop-fort en die tronk in te neem. Dit sou vir ons wel geen praktiese voordeel besorg het nie, maar die morele uitwerking op die vyand sou groot gewees het as ons daarin geslaag het om die dorp heeltemal in ons mag te hê.

Ons het nou teen Hanover opgeruk en was glad nie van plan om weer halwe werk te doen nie. Ons voorneme was egter verydel deur die verskyning van die gemelde Engelse mag, en in plaas van die dorp in te val, het ons met hulle slaags geraak op die plaas Spytfontein tussen Richmond en Hanover. Ek het my laer op Wortelfontein laat agterbly en met slegs 'n dertigtal manskappe vooruit gery met die doel om Hanover te gaan aanval. Maar onderwyl ons op Spytfontein vertoef, daag die laer van agter op met die onverwagte berig dat 'n afdeling Engelse van agter opruk en kort op hul hakke is. Ons posisies was in twee rante wat 'n winkelhaak vorm. Die geveg by Spytfontein het omtrent twee uur geduur. Die laaste burger het veilig uitgekom. Die vyand se verliese was egter aansienlik.

Agt dae na die geveg op Richmond het die Engelse vir die eerste keer weer aktief begin optree. Omdat ons die inwagende party was, het die omtrekbewegings andermaal weinig sukses gehad, terwyl die vyand telkens aansienlike verliese gely het.

Karoo dorp met tien Anglo-Boereoorlog forte en 'n houtarm

Richmond se Vlagkop met sy fort, nou net 'n klipskans, heelbo wat deur 'n plaaslike bouer, William McGill, in die Anglo-Boereoorlog gebou is. Die kop troon bo die dorp uit en van daar kan die hele distrik bespied word. Dié Rice tipe kits-fort van sink is in 'n goeie toestand en word as 'n tuinhuisie deur dr. Jan van Zyl, eienaar van Muntfontein, Richmond, gebruik. Die oorlogsmuseum was nie van die fort bewus nie.

In Richmond se Karoo Museum is 'n ongewone skakel met die Anglo-Boereoorlog: 'n houtarm wat gemaak is vir die Town Guard Doel Kock, wat in 'n skermutseling by een van die dorp se tien forte sy voorarm verloor het. Hy het nie van die kunsarm gehou nie en dit selde gebruik. Dit word in die museum bewaar.

Die tien klipforte, sommige deesdae net skanse of murasies, is kort ná die afkondiging van krygswet in Desember 1900 deur Britse soldate rondom Richmond gebou. Voordat almal klaar was, is die dorp die eerste keer op 24 Februarie 1901 uit die weste aangeval. Die aanvallers was die gedugte kommando van kmdt. Wynand Malan.

'n Ou inwoner, dr. C.D. McGill, alombekend as oom Dougie, wat te midde van die oorlog in 1900 op Richmond gebore is en ook daar grootgeword het, het in 1993 aan hierdie skrywer 'n besonderse verhaal oor die bou van die forte en oor 'n dorpskarakter, Gerhardus Arnoldus (Doel) Kock, vertel. Niemand weet eintlik hoe Kock die bynaam Doel gekry het nie.

Oom Dougie se vader, William Jacobus McGill, was as bedrywigste bouer op die dorp ook betrokke by die bou van die forte. As Britse onderdaan was hy verplig om by die "Town Gard", 'n tuiswag onder Britse beheer, aan te sluit en is hy opdrag gegee om forte te bou. Oom Dougie het voorts vertel:

``Een was die sogenaamde Tronk Fort wat onder bevel van die hoofoffisier en 'n magistraat, mnr. George T. Boyes, gestaan het. Dié fort moes die dorpsingang vanaf die Murraysburg pad bewaak, sowel as die Sprigg brug, genoem na die premier sir Gordon Sprigg.

``Tronk Fort, 'n groot platdak-gebou, is ook as uitkykpos gebruik. Dit het op die rantjie naby die huidige tronk gestaan. Die fort was met skietluike van staal toegerus en met sandsakke verskans. Lang lere is gebruik om die dak te breik. Ná die oorlog het my pa die lere en skietluike gekoop om 'n prieel en watersluis mee te bou.

``Crowsnest Fort is op die hoogste punt van 'n lang rant gebou. Vanaf Crowsnest was sewe paaie sigbaar. Vandag is van dié fort net 'n murasie oor, maar volgens Pa was dit 'n uiters moeilike fort om te bou. Om Crowsnest te bereik, was 'n uitputtende klimtog en 'n voetpad moes daarheen gemaak word om boumateriaal bo te kry. Toe al die forte op die rant klaar gebou was, het Pa die voetpad verbeter. Hy het ook 'n paadjie gemaak wat die forte op die rant met mekaar verbind het om kommunikasie en toegang te vergemaklik."

Reeds so ver terug as 1993 het oom Dougie met die oog op die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog gepleit dat die voetpad in 'n wandelpad omskep word. Richmond se reklamevereniging wil die voetpad nou betyds vir die herdenking herstel.

Oom Dougie (98), wat in 'n tehuis op Ficksburg woon, beskou hom as 'n ``kind van die Boereoorlog" en het boonop 'n doktorsgraad in geskiedenis verwerf. Hy geniet nog goeie gesondheid en sê dit doen sy hart goed dat die herdenking van die oorlog die belangstelling van die publiek aangryp. ``Dit is uiters belangrik dat ons ons geskiedenis ken en bewaar. Ons kan tog soveel daaruit leer," sê hy.

Hy het die volgende oor van die ander forte op Richmond vertel:

Bovaalkrans Fort het op die wespunt van die lang rant gestaan en het 'n uitstekende uitsig oor die dorp en paaie gebied. Nou is daar net skanse en bouvalle te sien. Wespunt Fort is naby die dorpsdam gebou en moes die ingange vanaf die weste, die stasie en die Victoria-Wes pad bewaak.

Bodorp Fort het die pad van Graaff-Reinet beheer en bewaak.

Vlagkop Fort, waarvan net skanse oor is, het 'n uitsig op die Hanover pad en die dorp gebied. Dié kop het sy naam gekry vanweë 'n ou gebruik om 'n vlag daar te hys om die koms van die poskoets aan boere in die distrik aan te kondig. Nadat skermutselings daar plaasgevind het, is die naam na Vegkop verander.

Mark Fort is op die markterrein gebou. In 'n aanval op die dorp het die Boere dit verower.

Onder Loop Straat Fort is op die middelste erf van die tweede blok van wes, regoor die heuwel, gebou. ``Op 'n dag het my ma gesien hoe Boere langs ons tuinmuur nader sluip, Pienaar Straat oorsteek en toe van agter tuinmure langs die straat die Onder Loop Straat Fort aanval. Die fort het nie in hul hande geval nie.

Bo Loop Straat Fort is naby die rivier gebou om beheer oor die straat, die ingang na die dorp van Hanover en die voetbrug uit te oefen. Dit het ook die fontein en die watertoevoer van die rivier van die dorp beskerm. Ná die oorlog is die fort afgebreek, maar vir jare was sy fundamente nog duidelik sigbaar.

Oudespruit Fort is aan die oewer van die spruit gebou, maar toe die bouwerk klaar was, het die militêre bevelvoerder van die dorp hul die woede van die dorpsvroue op die lyf geloop, want die fort was na hul mening doelloos en 'n valstrik vir hul mans en seuns wat dit moes beman.

“Ma ma het die sterkste stem gehad. Die fort was die naaste aan haar huis, en boonop moes haar man, die bouer daarvan, dit ook nog beman. Sy het by die hoofoffisier, ene Boyes, beswaar gemaak. Hy het nie ag geslaan op haar en die ander se besware nie. Hy was egter erg ontsteld oor `die vroue se minagting van krygswet' en het met stappe gedreig.

“Die bekommerde vrou het onmiddelik aan die bevelvoerende offisier op De Aar en aan die Britse opperbevelhebber, genl. lord Kitchener, geskryf en ten sterkste beswaar aangeteken oor die `useless death trap' waarin die getroude mans en vaders van kinders 'n sinnelose dood kon sterf. 'n Paar dae later het Boyes opdrag ontvang om die fort af te breek. Hy het die bemanning daarop na die Bo Loop Straat Fort oorgeplaas.

“Maar dit was in die einste Bo Loop Straat Fort dat Doel Kock in die arm geskiet is,” vertel oom Dougie. “Doel is in 'n aanval deur kmdte. Malan en Smit op 25 Junie 1901 gewond. Die Boere kommando van ongeveer 400 ruiters het die dorp teen sonder omstreeks 5.30 nm. uit die ooste aangeval. Toe die Boere gewaar is, is die markklok gelui en dorpsmense wat nog op straat was, het paniekbevange huiswaarts gesnel. “My pa was in die fort toe sestig Boere ruiters met die Hanover pad tot in Loop Straat gevorder het. Pa en ander wagte het angstig op jong Manie White gewag wat 'n kannetjie sop vir hulle by sy ma se huis, die laaste een in Pienaar Straat en ook die naaste aan die voetbrug, vir aandete moes gaan haal.

“Toe die hoofoffisier die klok hoor lui het hy die bevel gegee dat die fort se deur gesluit moes word. My pa het na die deur gestap en Manie aangehardloop sien kom. Hy was 'n paar tree van die deur. 'n Skoot uit 'n Boere geweer het geklap, Manie is getref en hy het met sopkan en al by die deur in tot in my vader se arms geval en kort daarna aan die skietwond gesterf.

“Hoewel die dorp dapper verdedig is, het die Boere die oorhand gekry en die dorp het oorgegee. Die Boere het kort daarna vertrek.

“Ná die oorlog is die nuttelose onderarm afgesit en hy het 'n kunsarm van hout gekry. Doel het dit egter min gedra. Nou word dit in die museum bewaar,” het oom Dougie vertel.

Rose Willis